

CC 482/85

BETOOG

**STAAT vs BALEKA
EN ANDERE**

3

Getuies deur die Verdediging geroep om UDF-en ANC-kampanjes toe te lig.

1. Die getuies wat hierna bespreek word, is die getuies Platsky, Cachalia, Dangor, Duncan, Harshorne en Douws-Dekker. dr Potgieter

2. Al dié getuienis het een aspek in gemeen, nl. dat nie een voorgee dat hul enige spesiale kennis het omtrent of die UDF of die ANC se aktiwiteite, beleid, vergaderings of besluite nie.

3. Mejuffrou Platsky het vir die Verdediging kom getuig t.o.v. die aspekte van Verskuiwings en Politieke gevangenes.

3.1 Haar getuienis behels kortliks dat sy, van sy die skool verlaat het, 'n lid van Black Sash is en dat sy sedert 1978 werkzaam was by organisasies soos Surplus Peoples Project, later die "NCAR", wat betrokke was by navorsing oor en hulpverlening t.o.v. mense wat deur verskuiwings geraak is. Sy sou ook die Nasionale Uitvoerende Komitee van UDF toegespreek het in 1983 t.o.v. verskuiwings. Ook sou sy betrokke gewees het sedert Augustus 1984 by die "UDF Anti forced removals Committee" waar sy vir 5-6 maande by betrokke was. Die WCCA, TEAM en UWO sou o.a. ook lede by dié komitee gehad het - hul is almal UDF-geaffilieerde. Hierdie komitee het weekliks vergader en rapporte ontvang t.o.v. verskuiwings.

Vol. 352, pp.20090-20110.

Dié komitee sou, wat haar betref, net 'n plaaslike UDF-komitee gewees het.

Vol. 352 p.20113.

Sy was oock vanaf die einde 1984 lid van die UDF "Gardens Area-komitee" wat geld ingesamel het, vergaderings gereël en aangebied het oor knelpunte.

Vol. 352 p.20114.

Sy beweer dat sy bewus geword het van ander gevalle waar gemeenskappe rondom verskuiwings opgetree het, en waarby UDF nie betrokke was nie. Sy beweer dat sy oock betrokke was by die aanbied van 'n konferensie oor verskuiwings, en dat bewysstuk X.1 opgestel was deur o.a. haarself vir gebruik by die gemelde konferensie.

Vol. 352 pp. 20111-2.

Wat haar betref, was die organisering rondom verskuiwings bloot uit bekommernis oor die omstandighede van die mense wat verskuif word.

Vol. 352 p.20117.

Sy beweer verder dat sy oock reeds sedert 1974 self betrokke was by 'n kampanje te universiteit van Kaapstad, en dat dieselfde jaar cok 'n kampanje te Wits, gevoer was rondom die vrylating van Politieke gevangenes. Sy het die UDF se resolusies in bewysstuk A.1 t.o.v. verskuiwings en Politieke

Gevangenes onder oë gehad en wat haar betref is dit soort-gelyk aan die kampanjes wat ooral oor deur ander persone en liggeme gevoer was.

Vol. 352 pp.20118-9.

3.2 Meer spesifieker word betoog t.o.v. haar getuienis oor haar toespraak voor UDF se Nasionale Uitvoerende Komitee soos vervat in bewysstuk E.1.

3.2.1 Platsky se verduideliking in die hof t.o.v. bewysstuk E.1, paragraaf 5.1.4.3(c) "Squatter settlements - have a potential for organisation", nl. dat die "potential for organisation" verwys na die feit dat dié gemeenskappe in plakkergemeenskappe nog nie ge-organiseerd is soos gemeenskappe wat vir geslagte op 'n sekere stuk grond bly, is onaanvaarbaar.

Dit word betoog dat dié paragraaf presies bedoel wat dit sê nl. dat daar vir UDF, wat, soos almal weet "day to day issues" aanwend vir mobilisering en organisering, die potensiaal uitgewys is wat bestaan OM rondom plakkergemeenskappe se verskuiwings, dié gemeenskappe te organiseer.

3.2.2 Ook haar verduideliking van bewysstuk E.1, paragraaf 5.1.4.3(d); "Unemployed people have nothing to lose therefore, there exist potential for organisation", is onaanvaarbaar. Sy beweer nl. dat die paragraaf dui op die feit dat as mense werk het, hul meer sal belangstel daarin om dit te

behou as om betrokke te raak by organisasies wat betrokke is by verskuiwings. Ook is werklooses meer geïnteresseerd daarin om 'n werk te bekor as om bekommerd te wees dat hul verskuif mag word. Ook hier betoog die Staat dat hierdie, om die minste te sê, 'n geforseerde uitleg van die paragraaf is, en dat dié paragraaf uitgelê moet word net soos dit aangeteken is, nl. dat omdat werklooses nie hul "werk" kan verloor nie, het hul minder te vrees en kan dus makliker ge-organiseer word rondom verskuiwings.

3.2.3 Dit word verder betoog dat die hof die hele notule t.o.v. verskuiwings in geheel moet lees by die uitleg van wat bedoel was, en nie elke sub-paragraaf, soos die getuie Platsky doen nie – paragraaf 5.1.4.4 "That it was easy for outsider to undermine the people" moet bv. saamgelees word met die verwysing na die "potential for organisation" waarna reeds verwys is, asook met die verwysing na "Politicise in the rural areas were very complex ..."

Dit is die Staat se betoog as alles as 'n geheel gelees word, en dit word verder in gedagte gehou dat UDF by sy stigting reeds verklaar het "We commit ourselves to uniting all our people ... in the cities and countryside ..." (my onderstreping), en ook dat hul besluit het "(to) work together to ... organise and mobilise ... (to) educate all about the coming dangers ... (to) unite in action against ... and other day to day problems affecting our people" (Deklarasie, A.1, p.5), dan is dit duidelik wat op die

vergadering bespreek en besluit is, en dat UDF meer spesifieker
belangs gestel het daarin dat dié gemeenskappe in paragraaf
5.1.4.3 en 5.1.4.4 van bewysstuk E.1 gemeld, die potensiaal
het om georganiseer en gepolitiseer te word.

*Vrouwe A
L. M. G.
11/11/18*

3.3 Mejuffrou Platsky dra geen kennis van die ANC beleid t.o.v. verskuiwings en politieke gevangenes nie.

Vol. 352 pp.20121-2.

3.4 Sy het oock nie ander UDF-dokumente behalwe die resolusies van UDF t.o.v. verskuiwings en politieke gevangenes in bewysstuk A.1 vervat, en bewysstuk E.1, gesien nie. Sy weet ook nie dat die mobilisasie, organisasie en politisasie van die massas op die platteland 'n belangrike doel van UDF is nie.

Vol. 352 p.20123.

3.5 Dit word respekvol betoog dat dié getuie se kennis, sodra dit getoets word oor spesifieke gevalle, gebrekbaar is, en dat sy baie veralgemeen, veral t.o.v. UDF se beleid en aksies rondom verskuiwings.

Vol. 352 pp.20126-130.

4. Die getuie Cachalia het getuig dat sy werkzaam is by SACHED en vakbond mense oplei.

Sy was 'n lid van Lenasia Women's Group wat met UDF se stigting met UDF affilieer het in 1983.

Lenasia Women's Group was ook geaffilieer by die FEDTRAW interim committee wat gestig was as 'n voorloper vir die herstigting van FEDSAW. FEDSAW het as 'n "los struktuur" wel met UDF affilieer.

Vol. 369 pp.21270-1.

Sy getuig dat die Lenasia Womens Group gestig is om die vroue betrokke te kry by pogings om die fasiliteite soos kleuterskole, in Lenasia te verbeter.

Vol. 369 p.21271.

Sy getuig dat die Lenasia Womens Group na die UDF (Tvl) stigting gestig is.

Vol. 369 p.21272.

Hul groep in Lenasia het 9 Augustus gevier in 1983 om die opmars van die vroue in die vyftiger-jare na die Uniegeboue te herdenk. Ook het hul vraelyste rondgeneem in Lenasia om die knelpunte in Lenasia te bepaal.

Vol. 369 p.21272.

Sy getuig dat hul nooit afgevaardigdes na UDF se algemene vergaderings gestuur het nie, en ook nooit formele terug-

voering van dié vergaderings, of enige notules daarvan gekry het nie. Hul het wel UDF-omsendbriewe en publikasies ontvang.

Sy getuig dat die resolusie oor vroue soos in A.1 vervat, ooreenstem met haar eie beskouinge.

Vol. 369 p.21276.

Sy getuig dat sy soortgelyke beskouinge voor UDF se stigting ook al gesien het en daarvan bewus was.

Vol. 369 p.21276.

Sy getuig dat hul vroue groep UDF se MSC uitgevoer het.

Vol. 369 p.21277.

Na UDF se stigting in 1983 het sy ook begin om 'n sg. "Fordsburg Women's Group" te stig en die doel was om die vroue te organiseer in die anti-verkiesingskampanje, welke groep aktief agiteer het vir boikot van die verkiesings, asook om die MSC kampanje uit te voer. Hul het gebruik gemaak van UDF-materiaal in beide kampanjes.

Vol. 369 p.21278.

Hul het die anti-verkiesingskampanje uitgevoer in Augustus 1984 deur van huis tot huis met UDF-literatuur te gaan en mense te probeer oorred om nie te stem nie. Ok het hul teepartytjies gehou waar hulle die mense ingelig het om nie te stem nie; hul het ook sprekers gekry oor hierdie

onderwerp wat die mense toegespreek het. Ook het hul 'n plakkaat-betoging gehou in die uitvoering van hierdie kampanje.

Sy bevestig verder dat sy die UDF First Year Rally in Selbourne Hall in Augustus 1984 bygewoon het, en dat sy geen ander UDF-vergaderings bygewoon het nie.

Vol. 369 pp.21280-2.

Sy getuig dat FEDTRAW se geaffilieerde o.a. die Vaal Women's Group was, waarvan Dorcus Raditsela lid was. //

Vol. 369 pp.21283-5.

Sy verklaar dat sy net die UDF One Year Rally in 1984, een FEDSAW vergadering in 1984, en slegs gedurende April tot Junie 1985 FEDTRAW-terugrapportieringsvergaderings bygewoon het, maar tog verklaar sy dat UDF, FEDSAW en FEDTRAW nie in sameswering betrokke was nie. Verwerf - //

Vol. 370 pp.21327-9.

In kruisverhoor erken sy dat die "FEDSAW interim committee" 'n konferensie in Desember 1984 gehou het waar FEDTRAW gestig was. //

Vol. 370 p.21331.

Sy erken dat die FEDSAW interim Committee op 21 Julie 1984 drie groot projekte beplan het, nl. die herdenking van

1013.

9 Augustus 1984, die viering van die 30-jarige bestaan van FEDSAW en 'n werkswinkel waar streekstrukture soos FEDTRAW beplan is.

Vol. 370 p.21332-3.

Sy erken dat die vroue deur die Lenasia Women's Group mobiliseer moes word vir deelname aan die sg. "Struggle" - d.i. vir die "destruction of apartheid and the establishment of a non-racial and democratic South Africa".

Vol. 370 p.21335.

Sy erken dat die doelstellings van die Lenasia Women's Group na 1983 verander het en meer polities georiënteerd geword het.

Vol. 370 p.21336.

Sy bevestig dat die Fordsburg Women's Group die knelpunt van die nuwe grondwetlike voorstelle en konksriksie opgeneem het.

Vol. 370 p.21341.

Sy getuig dat dié twee knelpunte opgeneem is om die vroue te mobiliseer vir deelname aan die massastryd vir die vernietiging van apartheid.

Vol. 370 p.21343.

Sy gee toe dat "I am much more vague about FEDSAW. My recollection of FEDSAW goes to the interim committee ...".
Vol. 370 p.21348.

Sy bevestig dat die FEDTRAW interim co-ordinating committee bestaan het uit o.a. Greta Ncapai, Amanda Kwadi, Dorcas Raditsela, Edith Lethlaka, Sister Bernard Ncube, Avril Joffe, Leila Patel, Joanne Yawitch, Shereen Motala, Meena Singh, ene Jasmien, Firoza Adam en Ma Lydia.

Vol. 370 p.21350-2.

Sy erken ook dat FEDSAW een van die stigterslede van UDF was.

Vol. 370 p.21352.

Haar kennis omtrent FEDSAW blyk vaag te wees.

Vol. 370 pp.21354-62.

Sy erken dat FEDTRAW hulself as deel van die nasionale bevrydingstryd sien en as deel van die sg. "liberation movement".

Sy erken ook dat FEDTRAW die "Women's Charter" aanvaar het in 1984 as deel van hul beleidsdokumente.

Vol. 370 p.21364.

Sy weet nie of FEDTRAW dit ten doel gehad het om 'n regering gebaseer op die Freedom Charter, op die been te bring nie.
 Vol. 370 p.21373.

Sy weet nie wat FEDSAW se beleid gedurende 1983-1985 was t.o.v. die mobilisering, organisering en politisering van vroue nie.

Vol. 370 p.21374.

Sy het nie van bewysstuk AE.8 of CA.30 (FEDTRAW en FEDSAW se kalenders waarin hul verklaar hul is deel van 'n rewolusie om die "systm of exploitation" te vernietig) se bestaan geweet nie.

Vol. 370 p.21375-7.

Dit word betoog dat dié getuie ñ erg gebrekkige kennis van UDF, FEDSAW of FEDTRAW se doelstellings en werkzaamhede het ñf nie openhartig met die hof is nie - haar getuienis is in ieder geval sodanig dat nie daarop gesteun behoort te word by beoordeling van die vraag of UDF, FEDSAW of FEDTRAW deel was van 'n sameswering om op 'n gewelddadige wyse die Regering omver te werp nie.

5. Die getuie Sheena Duncan:

5.1 Sy getuig dat Black Sash waarnemer-status verkry het by UDF se algemene raadsvergadering en dat 'n lid van Black Sash, wat DPSC verteenwoordig het op dié vergaderings van UDF, van tyd tot tyd aan hul rapporteer het t.o.v. dié vergaderings.

Vol. 392 p.22693.

5.2 Sy getuig dat sy die resolusies vervat in A.1 gekry het ter voorbereiding van haar getuienis vir hierdie saak en dat sy dit vermoedelik ook in 1983 gesien het.

Vol. 392 p.22709.

5.3 Sy het getuig dat Black Sash die knelpunte van die nuwe Grondwetlike Bedeling, Behuising, Vroue, Konskripsie, Onderwys, Groepsgebiede, Tuislande, die Ciskei, Verskuiwings, Aanhoudings, sg. Onderdrukking en Politieke Gevangenes opgeneem het.

Dit word betoog dat die Staat nog nooit bewis het dat knelpunte bestaan het nie, en die getuie bevestig inderdaad dat daar mense en organisasies wel bestaan het, voor UDF se stigting, wat sekere grieve t.o.v. bogemelde aspekte gehad het.

5.4 Die getuie Duncan is uiters vaag oor haar sg. UDF vergaderings en vergaderings wat sy van UDF se geaffilieerdes sou bygewoon het - sy kan nie die plekke, datums, (selfs die jaartal), sprekers of onderwerpe onthou nie.

Vol. 393 pp.22772-777.

5.5 Die getuie Duncan is ooglopend subjektief in haar antwoorde m.b.t. die geweldade van die ANC. Sy wil werklik vir die hof probeer wysmaak dat sy, 'n persoon wat belangstel in politiek, nie weet of die ANC bom-aanvalle inisieer in Suid-Afrika nie.

Vol. 393 p.22794.

5.6 Die getuie het bevestig dat die knelpunte wat hul opgeneem het, was o.a. om die massas te mobiliseer en te organiseer en ook te politiseer.

5.7 Sy getuig dat die Black Sash nie vir UDF alleen ooit inligting of dokumente verskaf het nie, maar as deel van hul werk het hul aan alle geïnteresseerde partye dokumente verskaf, in welke geval UDF ook van die inligting of dokumente gekry het.

Vol. 394 p.22819.

5.8. Sy bevestig dat dit met die stigting van die UDF die eerste keer was, na die verbanning van die ANC, dat organisasies op 'n nasionale vlak byeen gebring is.

Vol. 394 p.2282-7.

5.9 Die getuie se kennis omtrent die sg. geaffilieerde van UDF wat sy toegespreek het, is of totaal onbetroubaar of die Verdedigingssaak dat daar geen geaffilieerde in Tumahole is nie, is vals.

Vol. 394 p.22850.

5.10 Haar getuienis dat die geaffilieerde in Cradock bespreek het hoe die polisie nie geïsoleer behoort te word nie, maar vriendelik behandel behoort te word, is totaal strydig met die werklike gebeure in Cradock asook met die getuienis omtrent die toesprake deur UDF-leiers aldaar.

Vol. 394 p.22851.

5.11 Uit die voorbeeld waarna die getuie Duncan verwys, as synde plekke waar sy met UDF-geaffilieerde organisasies vergader het en waar dié hul teen geweld sou uitgespreek het, (kyk vol 394, p.22847), blyk egter die volgende:

- (i) By Tumahole sou daar geen bespreking gewees het nie, maar sy het net 'n lesing gelewer, en daar was polisie buite die saal waar sy sou gesê het sy bly tot almal ordelik weg is. Daar was geen bespreking rondom die kwessie van geweld nie.

Vol. 394 pp.22852-3.

- (ii) Die vergaderings wat sy te Rhodes en Kaapstad bygewoon het, het niks met die kwessie van geweld uit te waai gehad nie.

Vol. 394 p.22854.

(iii) Die ander vergadering in Kaapstad, waar die Worcester-affiliaat van UDF sou wees, was 'n werkswinkel wat oor "advieskantoorwerk" gehandel het, en geen geweld blykbaar bespreek is nie;

Dit word respekvol betoog dat die getuie die hof ook nie veel kan help oor UDF se kampanjes nie, want sy weet nie vir welke doel hul aangeneem is, wat deur UDF gedoen is om dit uit te voer nie, en wat UDF bereik het in dié kampanjes nie.

Vol. 394 p.22846.

6. M Dangor het getuig vir die Verdediging oor resolusies en die geskiedenis van die Arbeidersparty en ook oor aspekte van buite-parlementêre samewerking, boikot-aksie, en knelpunte van onderwys, behuising, groepsgebiede, verskuiwings en verkoopsbelasting asook oor die viering van Sharpeville- en Soweto-dae. Hy het ook verwys na die gebruik van sekere slagspreuke deur groepe anders as UDF en sy affiliale.

6.1 Dat sy uitleg van sg. "liberatory movements" as synde 'n verwysing na organisasie wat vreedsame verandering voorstaan, foutief en te eng is, is klaarblyklik so as in ag geneem word dat die ANC, wat gewelddadig is, homself ook sien as 'n "liberation movement".

Vol. 372 p.21492.

*16
1020*

6.2 Dangor het nie as 'n deskundige kom getuig nie, en gee toe dat hy aan geen organisasie behoort het wat met UDF geaffilieer was nie. Hy het ook geen ander UDF-dokumente gesien behalwe die drie resolusies wat vir doeleindest van sy getuienislewering aan hom getoon was nie.

Bewysstuk A.1 en

Vol. 373 p.21527.

6.3 Hy gee toe dat sommige lede van die Arbeidersparty was voorheen lede van die S.A Coloured Peoples Congress wat deel was van die Congress Alliance van die vroeë sestigs.

Vol. 375 p.21667.



Dit word respektvol betoog dat hierdie feit 'n klaarblyklike verduideliking is waarom by Arbeidspartyvergaderings slag-spreuke soos "Amandla Ngawethu" en "Izwe lethu" uitgeroep word - dis deel van die geskiedenis en afkomstig van die Congress Alliance se dae - waarvan die ANC o.a. 'n lid was.

6.4 Die getuie kan nie die sg. "freedom songs" wat gesing sou gewees het in die Jabulani-stadion, en waar Inkatha teenwoordig was, onthou nie. Dit blyk dat dit in elk geval in Zulu gesing was, wat hy nie verstaan nie. Dit word betoog dat hy, met respek, dan geen bydrae t.o.v. die sg. vryheidsliedere wat gesing was, kan lewer nie.

Die getuie het nie 'n enkele naam van enige sg. vryheidslied waарoor hy kennis sou dra, aan die hof gegee nie.

Vol. 372 p.21512 en

Vol. 373 p.21690.

6.5 Die getuienis m.b.t. die knelpunte waарoor hy getuig het, doen geen afbreuk aan die Staat se argument nie; bestaande knelpunte is deur UDF opgeneem en onder sy leiding gekoördineer in 'n poging om die massas te mobiliseer en te organiseer vir massas-deelname aan die vryheidstryd wat die gewelddadige omverwerping van die Staatsgesag behels. Dié getuie weet basies niks van UDF en sy doelstellings nie en help die hof dus glad nie by die boordeling van die Staat se argument nie.

7. Dr K B Harshorne het vir die Verdediging kom getuig oor die kwessie van Swart Onderwys in Suid-Afrika.

7.1 Dr Hartshorne het middel 1966, toe hy vanaf 'n inspekteurspos in die Departement van Onderwys, en gestasioneer te Soweto, verplaas is na die Departement se hoofkantoor na die afdeling onderwysbeplanning, laas direkte kontak op 'n daaglikse basis met die Swart skole gehad.

Vol. 414 p.24161.

7.2 Ook dié getuie getuig dat daar volgens hom sekere griewe in die Onderwysveld is; en dit betwis die Staat nie, maar soos voorheen uitgewys, beweer die Staat dat van die

griewe uitgesluit, en oordryf word deur UDF en sy affiliale,
hier meer spesifiek COSAS, AZASO en al die "Youth Congresses"
wat landswyd bestaan, met die doel om die jeug
op te sweep tot aktiewe deelname aan die vryheidstryd waarin
die regering en regerings instansies omver gewerp moet word.

7.3 Hartshorne bevestig dat hy slegs een of twee
COSAS-dokumente "gesien", en net die UDF-resolusie oor
onderwys bestudeer het voor hy kom getuig het. Hy is
ooglopend nie bekend met COSAS en UDF se ander
beleidsdokumente nie.

Vol. 414 p.24262.

7.4 Hy bevestig ook, dat alhoewel hy al van SOYCO, AZASO,
SAYCO, SCA en die "student parent committees" "gehoor" het,
hy nog nie hul dokumente bestudeer het nie.

Vol. 414 p.24263.

7.5 Die getuie bevestig dat daar sedert Oktober 1984 nuwe
kommunikasie-strukture tussen die leerlinge op die laagste
vlak en die Minister van Onderwys en Opleiding op die
hoogste vlak geskep is. Ook is 'n stelsel van gekose SRC's
deur die Departement aanvaar, welke SRC's die skoliere
verteenwoordig het; die SRC's is egter nie deur
skoliere-organisasies soos COSAS aanvaar nie omdat dit o.a.
nie deur hulself geskep is nie, maar vanaf die Departement

afkomstig was. Ook gee hy toe dat COSAS moontlik só radi-
kaal was dat geen kommunikasie tussen hul en die Departement
moontlik was nie.

Vol. 415 pp.24282-9.

7.6 Hy gee toe dat die probleem ook is dat COSAS nie bereid
was om onder enige omstandighede met bestaande regerings-
strukture in te skakel nie.

Vol. 415 pp.24289-90.

7.7 Die getuie bevestig dat Vuyisile Khanyile, Thron
Rensburg, Eric Molobi, Molefe Tsele, Zwelakhe Sisulu, en
H H Dlamlenze lede van die NECC se komitee was. Hy bevestig
ook dat Dlamlenze lid van die Soweto Parents Crisis Commit-
tee was.

Vol. 415 p.p.24301-2.

7.8 Die getuie bevestig dat hy wel die resolusies van die
Desember 1985-konferensie te Johannesburg, wat oor die
Onderwyskwessie gehandel het, ontvang het.

Bewyssstuk CA.41.

Vol. 415 p.24302-3.

7.9 Die uitleg wat die getuie ookal probeer gee het oor die
sg. "peoples education" en die doelstellings van die NECC
gaan mank aan 'n kennis van wat die NECC deur sy voorsitter
Sisulu self verklaar, sy doelstellings is. Die getuie het

ook nooit die hele toespraak van Sisulu gesien nie, net sekere uittreksels daaruit, en dit word respekvol betoog dat as na die toespraak van Sisulu in geheel gekyk word, dit duidelik is dat Dr Hartshorne se opinie omtrent dié liggaaam gebreklig is. Zwelakte Sisulu is een van die voorsitters van die NECC en hy het die sg. "keynote address" gelewer. Dis totaal onaanvaarbaar dat hy dié toespraak sou gemaak het wat strydig met die NECC se doelstellings is. Ook weet ons dat die toespraak uitgedeel is aan die konferensiegangers (soos Dr Motlana bv), en verder is dit so dat daar nooit op die konferensie deur enigeen van die NECC beswaar teen die toespraak gemaak is of dat die NECC dit later repudieer het nie - die Verdediging sou seer sekerlik daardie inligting voor die hof geplaas het, en verder kan aanvaar word dat óf Dr Hartshorne óf Dr Motlana daarvan bewus sou gewees het indien dit sou gebeur het.

7.10 Dr Hartshorne gee toe dat die verwysing in die toespraak na die "taking over of the schools" vir die daarstelling van "people's education" kan klomp verskillende betekenisse hê, afhangende daarvan of dit 'n onderwysman of 'n radikalise is wat dit lees.

Vol. 415 pp.24313-5.

7.11 Hy gee toe dat die verwysing na die sg. "democratic" SRC's (dié wat deur die skoliere ingestel is), verwys na die feit dat hul deur die skoliere ingestel is en nie deur die Departement nie - m.a.w. slegs wat van die skoliere kom sal dan sg. "democratic" wees, alhoewel Dr Hartshorne toegee dat

die SRC's waarvoor deur die Departement in bewysstuk CA.40 voorsiening gemaak is, in wese en in hul werking ook demokraties is.

Vol. 415 pp.24315-7.

7.12 Ook Dr Hartshorne se uitleg van die NECC se besluite op die konferensie, nl. dat dit primêr oor onderwys gaan, is klaarblyklik verkeerd as in gedagte gehou word dat resolusies oor Mei-dag, politieke gevangenes, sanksies, Angola ook op dié konferensie geneem is. Dit, met respek, bevestig die Staat se argument dat onderwys maar net een aspek is wat misbruik word in die proses om die massas te mobiliseer vir die vryheidstryd.

Vol. 415 pp.2418-9.

7.13 Dr Hartshorne se bevooroordelheid blyk, met respek, duidelik uit die tipe antwoorde wat hy gee - wanneer hy bv. gevra word om die besluit van die konferensie, soos in paragraaf 2.3 van bewysstuk CA.42 te verduidelik (wat "alternate people's education programmes" beteken), dan poog hy om op allerlei wyses die vraag, selfs van die hof, te omseil met irrelevant voorbeeld. Toe hy bv. gevra word of dit teen die reëls is vir 'n onderwyser om die onderwerpe in die sillabus te vervang met onderwerpe van sy eie keuse, besluit Dr Hartshorne om nie dit te antwoord nie, maar om uit te wys dat dit nie teen die reëls is om addisionele

onderwerpe aan te bied nie. Eers na hy gewys is daarop dat hy nie die vraag antwoord nie, gee hy toe dat dit teen die reëls is om onderwerpe te vervang in 'n sillabus.

Vol. 415 pp.24322-5.

7.14 Hy gee toe dat die Departement toestemming geweier het in die verlede dat sg. "peoples education" aangebied word.

7.15 Dat baie van die "griewe" wat aangegryp word t.o.v. onderwys, sonder enige substansie is, en voorgehou word as griewe om die skoliere se gedrag te probeer regverdig, blyk duidelik uit die getuenis t.o.v. die skoolkomitees. Die getuie gee toe dat die NECC gevra het dat skoolkomitees verwerp moet word as 'n demonstrasie van sg. "peoples power". Die getuie gee dan toe dat daar geen werklike beswaar teen skoolkomitees is nie, hul is demokratiese liggame, maar word verwerp as deel van die departementele strukture.

Vol. 415 p.24330.

7.16 Dit word betoog dat die hof by beoordeling van die vraag wat "peoples power" en "peoples education" beteken, en die verband tussen die twee, sal let op die volgende, soos vervat in bewysstuk CA.46 en CA.42, synde die toespraak van Zwelakhe Sisulu en die resolusies van die NECC konferensie waar gemeld toespraak gelewer was.

7.17 Die heer Sisulu was nie net 'n gasspreker op die konferensie nie, maar soos Dr Motlana erken het, die voor-

sitter van die komitee oor "peoples education", 'n komitee van die NECC.

7.18 Soos supra uitgewys, is die man nooit op die konfe-

rensie of daarna repudieer deur die NECC nie, maar is sy toespraak intendeel versprei, en is sy voorstel soos in p.26 van CA.46 vervat, na 'n verwysing na die okkupasie van skole in Port Elizabeth deur skoliere, nl. "These school occupations give students the opportunity to start implementing alternative programmes, people's education" inderdaad as die "major resolution" van die konferensie aanvaar.

(Sien CA.42 p.13).

|| CW // 69

7.20 Die resolusies wat op die NECC-konferensie aanvaar is nl. resolusie 1 (oor Mei-dag); resolusie 2 (oor Inkatha); resolusie 6 (oor politieke gevangenes); resolusie 7 (vir 'n National Action Committee vir "decisive action"); resolusie 8 (vir sanksies); en resolusie 10 (oor Angola), toon aan dat ongeveer die helfte daarvan niks te maken het met onderwys nie; en tereg kan betoog word dat die NECC nie daargestel is primêr om na die onderwyskwestie om te sien nie, maar net nog 'n UDF-inisieerde liggaam is wat die massas moet mobiliseer in die vryheidsstryd (en saam met die massas, 'n paar naiewe idealiste soos Dr Hartshorne ook).

7.21 Zwelakhe Sisulu lê in sy toespraak vir die konferensie "peoples power" as volg uit:

7.21.1 "Peoples power" moet eers verkry word voordat "people's education" verkry kan word - "The struggle for people's education can only finally be won when we have won the struggle for people's power".

P.20 paragraaf 3.

7.21.2 "Peoples power" beteken die skep van eie sg. "peoples" organisasies en liggeme.

"Therefore gains we make in the education struggle depend on our organised strength, on the extent to which we establish organs of people's power."

P.21, paragraaf 1.

en

"Another area where we are demonstrating the possibilities of peoples power is through the school committees. The December Conference took a resolution to replace statutory parent's committees with progressive parent, teacher, student structures. Although these government committees continue in name, they have been rendered unworkable in many parts of the country."

P.22, paragraaf 5.

7.21.3 "Peoples power" gaan oor die "transfer of power to the people" -

"We are not poised for the immediate transfer of power to the people ... We are however poised to enter the phase which can lead to the transfer of power."

P.5 paragraaf 1.

en

"It (the Government) hoped that the emergency would achieve two objectives firstly, to stop the advance of

the democratic movement, and to destroy the peoples organisations which were taking control in various parts of the country."

P.5 paragraaf 2.

"Ungovernability had not only extended to far more areas. The people had actually begun to govern themselves in a number of townships."

P.8 paragraaf 2.

en

"Why do we use the slogan 'Forward to People's Power'? Firstly it indicates that our people are now seeing the day ... when the people shall govern all aspects of their lives ... By this we mean that people are beginning to exert control over their own lives in different ways. In some Townships and schools people are beginning to govern themselves, despite being under racist rule."

P.14 paragrawe 1 en 2.

en

"When our people kicked out the puppets from the townships they made it impossible for the regime to govern. They had to bring in the SADF as an army of occupation. All they could do was to harass and use force against our people. But they couldn't stop the people in some townships from taking power under their very noses, by starting to run those townships in different ways. In other words the struggles which the people has fought, and the resulting situation of ungovernability, created the possibilities for the excercise of people's power.

People exercised power by starting to take control in areas such as crime, the cleaning of the townships and the creation of people's parks, the provision of first aid, and even in the schools."

P.14 paragrawe 3 en 4.

en

"I want to emphasise here that these advance were only possible because of the development of democratic organs, or committees, of people's power. Our people set up bodies which were controlled by, and accountable to, the masses of people in each area. In such areas, the distinction between the people and their organisations disappeared. All the people young and old participated in committees from street level upwards."

P.15 paragraaf 1.

en

"The development of people's power has caught the imagination of our people, even where struggles are breaking out for the first time. There is a growing tendency for ungovernability to be transformed into elementary forms of people's power, as people take the lead from the semi-liberated zones."

P.15 paragraaf 2.

en

*People's
power.*

"When disciplined, organised youth, together with other older people participate in the exercise of people's justice and the setting up of people's courts; when these structures are acting on a mandate from the community and are under the democratic control of the community, this is an example of people's power."

P.17 paragraaf 3

7.21.4 Dit blyk verder volgens Sisulu dat onregeerbaarheid 'n voorvereiste is vir die daarstelling van "peoples power".

"We must stress that there is an important distinction between ungovernability and people's power. In a situation of ungovernability the government doesn't have control. But nor do the people. While they have broken the shackles of direct government rule the people haven't yet managed to control and direct the situation. There is a power vacuum. In a situation of people's power the people are starting to exercise control."

P.15 laaste paragraaf.

en

"An important difference between ungovernability and people's power is that no matter how ungovernable a township is, unless the people are organised, the gains made through ungovernability can be rolled back by state repression."

P.16 1ste paragraaf.

7.21.5 Dan verklaar Sisulu dat die NECC "has opened the way for people's power to be developed in our struggle ...".

P.18 laaste paragraaf.

7.21.6 Die NECC, volgens Sisulu, se prioriteit is die
"building of democratic organs of people's power ..."
P.34-35, paragraaf 5 - paragraaf 1.

7.21.7 Dit beteken, vir dié in die onderwys, "to deepen peoples control over education" wat weer beteken dat die volgende "organs of people's power" gestig moet word "setting up SRC's in every school, and parent, teacher, student committees to control education in these schools."

7.22 Maar Sisulu het ook vir die konferensiegangers uitgelê wat die NECC bedoel met "peoples education":

7.22.1 Eerstens is dit iets wat "can only be achieved with the eradication of the apartheid system and the establishment of a democratic people's South Africa."

P.1 paragraaf 3.

7.22.2 Dit is nie dieselfde onderwys as Blanke onderwys nie.

"We are no longer demanding the same education as whites, since this is education for domination. People's education means education at the service of the people as a whole, education that liberates, education that puts the people in command of their lives."

P.24 paragraaf 3.

Vrediging kla te word vir
Swart amperas — oorvalblomme.

7.22.3 Ook stel hul nie belang in onderwys wat "van bo-af" kom nie.

"We are not prepared to accept any alternative to Bantu Education which is imposed on the people from above. This includes American or other imperialist alternatives designed to safeguard their selfish interests in the country, by promoting elitist and divisive ideas and values which will ensure foreign monopoly exploitation continues."

P.24, laaste paragraaf - p.25, 1ste paragraaf.

7.22.4 Ook is sg. privaatskole nie aanvaarbaar nie -

"Another type of 'alternative school' we reject is the one which gives students from a more wealthy background avenues to opt out of the struggle, such as commercially-run schools which are springing up."

P.25, paragraaf 2.

7.22.5 Om aanvaarbaar te wees as "peoples education" -

"... every initiative must come from the people themselves, must be accountable to the people and must advance the broad mass of students, not just a select few. In effect this means taking over the schools, transforming them from institutions of oppression into zones of progress and people's power. Of course this is a long-term process, a process of struggle, which can only ultimately be secured by total liberation. But we have already begun this process."

P.25 paragraaf 3.

7.23 Ook behoort die hof te let op wat UDF en sy affiliale sê oor "peoples power":

7.23.1 UDF se inligtingstuk wat ten tye van die stigting

opgestel is vir verspreiding - Augustus 1983 - bewysstuk

"A1":

Reeds van die begin van UDF se nasionale stigting het UDF dit duidelik gemaak dat hul nie blote "opposisie" wil wees nie, maar daadwerklik 'n eie alternatief wil daarstel vir die regeringsstrukture -

"The main focus of the UDF campaign however will be at the local and regional levels. Organisations affiliated to the UDF will run campaigns around certain aspects of the new constitution that affect their membership in a direct way.

This is to ensure that the UDF does not simply become a political protest group, but is able to build and strengthen non-racial, democratic organisations as an alternative to apartheid itself." //

P.3 van bewysstuk A.1.

Dit word betoog dat UDF reeds toe al aangedui het dat sy organisasies die alternatief moet wees van die Regering se Swart Plaaslike Besture.

Ook die sprekers op die stigtingsvergadering, soos aangehaal in bewysstuk A.1, het dit by die massas tuisgebring dat UDF se stryd gaan om "power" nl. die oorname van die mag aan 'n sg. "peoples government"

(a) Frank Chikane, p.37, laaste paragraaf:

"... so that we can then destroy the system, so we can put up a government by the people where people shall govern-according to their will"; //

(b) Samson Ndou, p.42, laaste par:

"Forward to the United Democratic Front, forward to the workers struggle, forward to the people's democracy." //

en

(c) Francis Baard, p.38, kolom 2, paragraaf 2:

"We want government of the people ..."

7.23.2 Die Sekretariële verslag aan die Nasionale Uitvoerende Komitee van UDF op 21 Januarie 1984: Bewysstuk T.2.

Op bladsy 2 toon die Sekretariaat, waaronder beskuldigdes 19 en 20 aan wat UDF se doel was met die kampanje teen Swart Plaaslike Besture: "The challenge of the UDF and its affiliates is to provide an alternative to these structures" // - p.2 paragraaf 2.2.

Dit, met respek, is die "organs of peoples power" wat elders so duidelik uitgespel word - sien infra. //

7.23.3 Die boodskap van Frank Chikane vervat in "Speak" van Januarie 1984: Bewysstuk W.69, p.7.

"Consider the experiences of other affiliates in the UDF and see whether you cannot learn from others to improve your situation.

All this has to be done with our immediate goal kept in mind; to organise and mobilise the oppressed masses in South Africa, and create such structures and networks that will enable the liberation movement to break this system of Apartheid.

That shall be the time when it will not be the leaders calling people into action but the masses taking it up themselves.

That is a people's struggle towards a people's victory, giving birth to a people's government."

Dit is, met respek, hieruit duidelik, volgens die vice-president van UDF(Transvaal) dat die organisasies eintlik

bedoel is om die regeringstrukture "te breek" - dit gaan m.a.w. oor die sg. "power" en nie suiwer oor die oplossing van grieve nie.

7.23.4 Die sekretariële verslag aan die UDF (Grens) se

uitvoerende Komitee: Bew. C.48:

"We have witnessed a dramatic change in the course of events and the balance of power between the oppressor and the oppressed throughout South Africa. Through the UDF our people have been able to organise mass campaigns that have resulted in the mobilisation of scores of thousands of our people into active resistance of, not only the measures of this regime but also the continuation of their exercise of power over us without our mandate."

Hier bevestig hierdie UDF-aktivis weereens dat dit by UDF gaan oor die "exercise of power" - p.1 paragraaf 2.

7.23.5 Ook AZASO, die eerste affiliaal wat UDF ooit gehad het, en een van die groot organisasies, verklaar in Maart 1984 reeds, in sy sg. "Newsletter" bewyssstuk W.15:

"Even in education, (this is something that AZASO can look at more closely), is the De Lange Commission and the White Paper that arose from it. All this is to be geared to the 'restructuring' process and when this is examined it should be done so in the light of the above considerations.

What we have to do is to look at whether this restructuring actually alters the terrain of struggle. The question we should ask is not whether this is reform, are these changes genuine or cosmetic. The right attitude to adopt is that these changes are taking place. We KNOW what the state's objectives are. It is making these changes in order to maintain itself in power. The real question is how we can use them to our advantage, because we also want power. Therefore this is a constant dialectic of struggle between the two contending forces, ie. those that don't have power and those that do."

P.2.

en op P.4:

"Let us look at the motivations for actually taking on the state. Firstly, the point has to be made that we are moving away from the phase that characterised the 70s, the phase of protest politics; the phase of militant rhetoric ... One can shout militant slogans until one is blue in the face, but this is not going to get power. What we have to do is to move into a different phase. We are serious about gaining political power in this country, we want to eliminate oppression and exploitation and we know that we are the only people who can do this. When we deal with the state we believe in the concepts of mass mobilisation, mass organisation - that we are answerable to the masses of our people. We have gone beyond the stage of militant rhetoric and therefore we've got to show people that we can actually take on the state. WE are beginning to organise ourselves in some way, we are a force, we can say that there are two to two and a half million people behind us - that there are 500 organisations affiliated to the UDF. In some way it's a measure of strength that hasn't been seen since the Congress Alliance. But we have to look at that relative strength so that when we write a letter to the Prime Minister, it must reflect the reality that we are looking at. We cannot make unrealistic demands - when we say that we are going to do something - we must be able to carry it out: this is what we mean by serious politics."

AZASO maak dit hier baie duidelik dat dit nie by hul gaan oor wat die De Lange-kommissie aanbeveel het en nie aanbeveel het om die onderwyskwessie te probeer oplos het nie, maar hoe hul dié bevindinge o.a. kan gebruik in hul stryd, want hul stel meer belang in die oorname van gesag aan die massas.

7.23.6 Cahac 'n UDF-geaffilieerde, maak gedurende Oktober 1984 in beweysstuk W.72, in sy Sekretariële verslag duidelik dat die stryd gaan om die daarstelling van 'n "People's government" en niks minder as dit nie.

"... The people's determination was not stopped by these vicious attacks; instead it has grown in a massive response, like in the Vaal Triangle, Grahams-town and Graaff Reinet. A rent increase has led to the destruction of Local Community Councils in these areas. The people's message to the illegitimate government is loud and clear: The people shall govern and we will accept nothing less than this."

P.5 paragraaf 4.

7.23.7 In die SASPU Focus van November 1984 word die volgende verklaar:

- (a) "The government ignored the warnings, sparking a bloody and bitter struggle for control of the schools." (P.5, opskerif).
- (b) "SOCIETIES ARE about power who has it and what they do to keep it."

Dis al waaronder dat gaan.

Power is controversial. There's a contest between those who have it and exercise it, and those who don't have it and want it. Those who have it and use it to their advantage want to keep it. Those who don't have power have to fight to get it."

"Students are demanding changes in education. Getting them has proved a costly task demanding sacrifice and organisation. Workers, women, the youth and residents have their own demands. Winning them is difficult, but not impossible. It means the structures of power and control must be challenged and replace." P.21 (die opskrifte)

en

- (c) "The struggle for democratic education is about the same issues as the struggle for workers' rights and the struggle for democracy in the townships. And, all these struggles are essential parts of the struggle for a democratic government in South Africa.

The people shall govern, not only in parliament, but also directly in the schools, factories and communities. Nothing less than power to the people!"

P.24 laaste kolom, laaste 2 paragrawe.

7.23.8 Ook COSAS en MAYCO het, in hul deelname aan die kampanje teen Swart Plaaslike besture te Mankweng die massas mobiliseer vir die verwering van dié stelsel, en stel dan die alternatief daar toe: "All power to the people - down with the council."

7.23.9 COSAS, in bewysstuk ABA.51, 'n pamflet wat tydens die 16 Junie 1976-herdenkings uitgegee is, dui ook aan dat hul onder "peoples power" verstaan die oorname van gesag, na die val van die regering.

7.23.10 UDF, in sy verklaring van die Nasionale Uitvoerende Komitee tydens die Nasionale Algemene Raadsvergadering het in April 1985 dit duidelik gestel dat

"There is still time for the racist minority regime to consult with the authentic leaders of the people, with the sole objective of making the necessary arrangements for the speedy and effective dismantling of the apartheid state and the transfer of power to the people."
P.6 van bewysstuk C.102.

7.23.11 Ook die Sekretariële verslag van UDF beklemtoon die feit dat die UDF se stryd gaan om die onwerkbaarmaking van die Regeringsorgane en die vervanging daarvan met organisasies van die massas -

"In the townships, the Black Local Authorities are inoperative how our task is to extend our struggle beyond these apartheid structures and set up our alternative structure which will force the authorities to heed the popular demands of the people."
P.11 van die Sekretariële verslag - bewysstuk C.102.

NB

7.23.12 Bewysstuk C.100 en AAD.5:

Dié dokumente, wat ex facie die dokumente blyk UDF-dokumente te wees en wat onderskeidelik in die UDF-kantore te Johannesburg en Pretoria gevind was, verklaar duidelik waarom UDF en sy affiliate die regeringstrukture aanval en onwerkbaar wil maak - regeringsstrukture wat van die hoogste gesag, nl. die regering self, tot die skoolkomitees en prefekte - liggeme laer af, insluit.

"Struggles of popular organisations must develop to the point where the state can no longer impose its undemocratic structures on oppressed communities in any area. Conversely, democratic organs of the people must start to replace these structures, as embryos of a future democratic People's S.A."

P.2 bewysstuk AAD.5 en ook C.100.

en

"Having established the illegitimacy of the South African regime, it is necessary to project a popular alternative based on both the present and the future.

The present in the sense that our organisations have to become living and viable alternative organs of people's power. Therefore, for example, in situations where the apartheid puppets are no longer able to effectively function in the townships, a stage could be reached where the peoples organisation assumed responsibility for organising the community to govern itself in a variety of ways ..."

P.4 van beide C.100 en AAD.5.

7.23.13 Bewysstuk AAA.10: Die "Minutes of the First National Several Council of the U.D.F. held on the 6th and 7th April 1985" en wat in beskuldigde 19 se besit gevind was:

Hierdie dokument behoort na ons respekvolle submissie, saamgelees te word met bewysstuk C.102, en op p.3 vind ons 'n

verduideliking wat beskuldigde 19 sou gegee het omtrent wat die doel van die sg. "alternative structures" van UDF sal wees:

"The alternative structures which the democratic movement has to develop.

Comrade Molefe explained that this referred to democratic organisations operating outside the framework of the government. He stressed the need for these to become the organisations of the people through which they could determine their own lives."

7.23.14 Bewysstuk CA.38 Isizwe The Nation van Maart 1986:

Alhoewel daar verklaar word dat die standpunte wat gestel word in dié publikasie, (wat UDF uitgee en versprei), nie die amptelike standpunte van UDF is nie, is dit na ons respektvolle betoog tog duidelik dat dit standpunte is wat UDF versprei.

7.23.14.1 Hierin word op p.2 en 3 duidelik gemaak dat "peoples power" gekoppel word aan die eis van die Freedom Charter dat "The People Shall Govern!". Uit die verdere bespreking is dit klaarblyklik dat UDF "peoples power" in sy volste sin gelyk stel met "control over central state power".

7.23.14.2 Dis insiggewend dat hier dieselfde aangetref word as wat die NECC verklaar t.o.v. onderwys; Net soos die NECC nie daarin belangstel dat Swartes dieselfde onderwysstelsel as die Blankes moet kry nie, so stel UDF ook nie daarin belang dat hul leiers, soos Mandela, in dieselfde regeringstrukture geplaas moet word nie. (P.4)

7.23.14.3 UDF sien ook, soos die NECC, "peoples power" as 'n proses "to take some control over education", en dan word Lulu Johnson, een van die leiers van COSAS aangehaal wat die hele kwessie nog duideliker maak, (en die feit dat die NECC eintlik besig is om COSAS-beleid uit te voer, net so duidelik maak: "While we cannot yet completely run our schools, the government has now lost the ability to run them." //

P.5 paragraaf 1.

7.23.14.4 Ook t.o.v. die Swart Plaaslike Besture se vernietiging verkondig UDF dat dit 'n voorbeeld is van uitoefening van "People's Power".

"In the townships all over the country the community council system has collapsed. Elsewhere communities marked out for forced removal to Bantustans have successfully resisted. This has created a power vacuum in many cases. In many communities the old oppressive administrative structures have been destroyed. Owing to mass resistance, many townships have become no-go areas for a police and army. The police fear to move around freely. When they do move into townships they often cannot enforce law and order. People do not approach them readily to report ordinary crimes. At the same time in the embattled townships of the Karroo, Eastern Cape, Border and also in some Transvaal townships, we are beginning to see the development of street committees."

P.5 paragraaf 2.

7.23.15 In sy UDF Update van November 1986, (bewyssstuk CA.1), gee UDF 'n oorsig van sy doelstellings en sukses wat hy behaal het in die bereiking van sy doelstellings oor die afgelope 3 jaar en onder die opskrif "Three Years of United Action" verklaar UDF dat een van sy "Achievements" was dat hul van "ungovernability to people's power" kon oorgaan, en dan word hieroor deur UDF gesê (p.10(b)): //

